to them a pleasure, but we feel that our believers, especially in the South African Union Conference, should be congratulated for the splendid work that has been done this year with the encouraging results of so many new subscriptions obtained. It encourages our hearts here at the Publishing House to be assured in this tangible way that our believers throughout the African Division are loyal supporters of our missionary paper, the *Signs of the Times*. We know that our editor shares these feelings with us.

SENTINEL PUBLISHING CO.

• •

"I Will Be With Thee"

WHEN the Lord spoke these words, as He slowly with outstretched hands began ascending into heaven from their midst, He meant exactly what He said. This promise was made very real to Mrs. Cameron A. Carter up in Kiangsi Province recently in Central China. She had received a letter from her husband saying he was to go on the next day farther west into another bandit infested province. But we will let her tell it:

"When I got that letter all I could do was to cry. I was in agony as I tried to sleep. I was so worried that I would never see him again. It seemed to me I had reached the limit of endurance. Then this text came as though spoken, and yet I did not hear a voice, 'Lo, I am with you alway, even unto the end of the world.' What a calm and comfort it brought! and with it sleep. I felt that it was my promise for my husband's protection and safety. How that little experience has helped me through these lonely days!

"He has written telling of a few good experiences. In one Chinese inn where they were staying he said the soldiers came into the court and took every cart and mule that the other people were using for travel, except theirs. The one they were using was not touched. They were helped all along the trip. In one place they got into a bus that only military officers were supposed to use, and so were allowed to travel while others could not. He said they could see plainly the Lord was working in their behalf all along the way."

"Lo, I am with you alway" is the sure promise.

MISSION BOARD.

Die Groot Doel van die Oesinsameling-veldtog en wat dit vir die Sendingraad Beteiken

O. MONTGOMERY

DIE lesers van die OUTLOOK sal belangstel om te weet dat ons Sabbat-skole deur die wêreld oor die 50% van alle sendingfondse voorsien wat in die skatkis van ons wêreldwerk gestort word. Die volgende grootste faktor om sendingfondse op te bring, is die Oesinsameling-veldtog. Dit sal hieruit dadelik blyk dat die Oesinsameling waaraan ons gelowiges elke jaar deelneem, een van die uitstaande middels is om ons sendingwerk te ondersteun. Dink net wat £150,000 beteken wat elke jaar vir die sendingwerk inkom wat tans in 139 lande van die wêreld gedoen word.

Die grote doel van die Oesinsameling-onderneming is drievoudig. Ten eerste: Fondse insamel om die werk van die Here te bevorder.

Jarelank is die Oesinsameling-fonds een van die sterke en vertroubare bronne van die Wêreldkonferensie. Ons moet opsiен na die getroue, toegewyde en ernstige arbeid van ons broeders en sisters deur die hele wêreld wat elke jaar aan die onderneming deelneem: dis 'n allerbelangrike faktor in die uitbreiding van ons wêreldwerk, en ons kan sonder twyfel daarop staatmaak. Ons waardeer die getrouheid van ons werkers en lede oral; ook waardeer ons die vrygewigheid van die publiek en hul hulpdaadigheid en gewilligheid om van hul geld vir ons sendingwerk te gee. Dink aan die siele wat in die verre hoeke van die aarde gered word deur die bediening van daardie werkers wat uitgestuur en ondersteun word met die geld wat op die manier inkom.

Al is dit nog so belangrik om fondse in te samel, moet ons die ander oogmerke nie uit die oog verloor nie. Ons moet die siele van diegene red wat tot ons werk bydra. Waar die gelowige uit gaan om te kollekteer en in aanraking kom met buitemense, mag dit onder die leiding van die Here, die eerste stap wees om lig en waarheid na hul harte te bring. In sovele gevalle het dit gebeur dat hulle daardeur tot die Boodskap gewin was. Ons kan baie gevalle opnoem waar persone, hele huisgesinne, en soms ook klompe mense die Waarheid aangegee het deur een Oesinsameling-boekie te lees.

Die derde oogmerk is die invloed

van die geestelike seën en vreugde in diens wat op die harte terug werk en hul geestelike lewe verryk as hulle deelneem aan die Oesinsameling-werk. Die Oesinsameling-onderneming is waarlik 'n sielreddende werk,—een van die grootste sendingwerke.

verskillende diwiesies van ons wêreldwerk. Ons het die broeders in die velde verseker dat as die tekort in die laaste twee maande van 1929 opgemaak sou word, dan sou ons probeer om die besnoeiing van 6% soveel moontlik te herstel. Dit spyt my dat die laaste syfers vir verlede jaar toon dat net £40,000 opgemaak is, en daar £50,000 minder as die vorige jaar is; en dus kan ons onmoontlik iets van die 6% besnoeiing herstel.

Nou moet ons in al die diwiesieveld die werk aandruk met 'n verminderde begroting. Ek is seker dat met dié feite voor ons, kan u verstaan hoe ernstig en biddend ons na u opkyk en op 'n suksesvolle Oesinsameling - onderneming vir vanjaar staatmaak.

Waarlik die Here het die volk in die Oesinsameling plan en werk gelei van die begin daarvan en Hy het genadiglik Sy goddelike krag vertoon en wonderlike seën gestort op die werk om die mense van die wêreld 'n kans te gee om 'n gedeelte wat God aan hulle toevertrou het, aan Sy werk te gee. Deur die profeet het God in die outyd gesê dat die skatte van die Heidene na Sy werk sal stroom. Ons glo dat die Oesinsameling-plan een van die middele van God is waardeur die skatte van die wêreld Sy werk kan seën.

"Die Here sal op ryk mense werk, selfs op afgodedienaars, om van hul oorvloed te gee tot onderhou van die werk as ons hulle op die regte manier nader en hulle 'n kans gee om te doen wat hulle kan. Ons moet dankbaar wees om te ontvang wat hulle gee. . . As die geskikte persone die behoeftie van die Here se werk voor die ryk mense lê, kan hulle veel doen om die werk van God op aarde te bevorder. . . Ons het alle voorregte en kanse opsy gestoot waaruit ons kon baat trek omdat ons weg van die wêreld wou staan, maar ons hoef geen enkele beginsel van die waarheid prysgee nie as ons van elke kans gebruik maak om die saak van God te bevorder."— "Testimonies to Ministers and Gospel Workers," blss. 197, 198.

Waar is U?

DAAR was eenkeer 'n ou poswa wat eerste-, tweede-, en derdeklas passasiers opgelaai het. Almal het tesame gery, en dieselfde voorregte geniet behalwe waar hulle by 'n opdraande kom en dit swaar is. Dan roep die koetsier uit, "Eersteklas-passasiers, bly sit; tweedeklas-passasiers klim af en loop; derdeklas-passasiers, klim af en stoot." Waar ons voor die Insameling vir Sendings staan, kom die vraag op, "Waar gaan ons wees?" Die sukses van die onderneming sal afhang van waar ons verkies om te wees. Daar sal sekerlik opdraandes voor die Insameling wees, maar ons sal die merk behaal as ons op die regte plek is.

"EK WAS DAAR"

Na een van die vermaarde veldslae van Napoleon het hy medaljes laat slaan met die toneel van die geveg op die eenkant, en op die anderkant die woorde, "Ek was daar." Elke soldaat wat in daardie vermaarde geveg was, het hy 'n medalje gegee. Hoe gelukkig sal dit wees as die werk klaar is en ons terugdink aan worstelings van die laaste geveg en ons kan sê "Ek was daar." Sal dit ons ook nie 'n gevoel van tevredenheid skenk as ons aan die oorwinings van die Oesinsameling terugdink en dan kan sê, "Ek was daar" nie? N. Z. TOWN.

Vandat ons met die Oesinsameling vir fondse begin het, was daar nog-nooit so 'n groot behoefte soos vanjaar nie. Met die Raadsitting verlede jaar in Oktober, het daar £90,000 minder vir die sendingwerk ingekom as in 1929. Dit het die Sendingraad genoodsaak om 6% in te kort op die toekenning aan die

Hoe Sal Ons Ons Doele in die Oesinsameling Bereik?

A. E. NELSON

DIE jaarlike Oesinsameling-onderneming berus op die opdrag om met die Evangelieboodskap in die hele wêreld in te gaan. Maar hoe kan ons gaan, of hoe kan ons ons sendinge help met so min geld en sulke dringende kanse byderhand? In *Testimonies*, Deel IX, bls. 114, lees ons dieselfde vraag:

"Jarelank is die moeilike vraag al voor ons: Hoe kan ons voldoende middele kry om die sendings te on-

Dink net wat vanaf 1917 in Afrika ingesamel is. Ons gee hier die syfers vir elke jaar. Die totaal vir die jare is £37,592-7-5, en dit wys wat toegewyde en onverskrokke kinders van die Here met Sy seën kan doen.

| JAAR | INGESAMEL |
|------|------------|
| 1917 | £ 9 1 0 |
| 1918 | 96 9 5 |
| 1919 | 390 4 6 |
| 1920 | 1,323 6 10 |
| 1921 | 1,917 7 8 |
| 1922 | 1,835 0 5 |
| 1923 | 2,775 19 8 |
| 1924 | 3,130 8 4 |
| 1925 | 2,919 8 5 |

Sewe Goeie Redes Waarom Ons Met die Oesinsameling Moet Bystaan

J. F. WRIGHT

1. Dit vermeerder en versterk ons geloof in God.
2. Dit bring alle klasse van mense op hoogte van ons sendingwerk.
3. Dit versprei die Boodskap.
4. Dit win die mense na die Waarheid.
5. Dit het 'n grote finansiële faktor geword om ons sendingvelde te ondersteun.
6. Dit openbaar die wonderlike kanse en vele werksaamhede vir persoonlike werk.
7. Dit is 'n deel van ons Kristelike werk wat die Here rykelik seën en goedkeur.

Laat ons dan weer daardie goeie leuse neem "Hard-werk wen in moeilike tye," en in vol vertroue op die grote wysheid van die almagtige God sal ons slaag, want ons lees:

"Ag Here HERE, kyk, U het die hemele en die aarde gemaak deur U grote krag en deur U uitgestrekte arm! Niks is vir U te moeilik nie." Daarom "is ons oë op U gerig." Jer. 32: 17; 2 Kron. 20: 12.

derhou wat die Here vir ons oopmaak?"

Dit was in 1909 geskrywe. Sedert die tyd is die Oesinsameling plan in werking gekom en in 1914 het Suster White geskrywe dat dit 'n bewese sukses is.

Dis 'n goddelik bestemde plan om fondse deur die Oesinsameling-veldtug vir sendingwerk in te kry. God het dit goedgekeur en geseen. Van 1926 tot 1929 is in die hele wêreld £952,821-14-0 van buitemense ingesamel om die Boodskap van die Here vir vandag te verkondig. Ander is verwonderd en verbaasd dat die onderneming soveel geld in die skatkis gebring het om die Waarheid te versprei. Egter, ons weet dat dit slegs kon gebeur omdat die Here die werk so geseen het.

| | | | |
|--------|---------|----|----|
| 1926 | 3,517 | 6 | 10 |
| 1927 | 3,313 | 7 | 9 |
| 1928 | 4,712 | 18 | 10 |
| 1929 | 5,582 | 7 | 3 |
| 1930 | 6,069 | 0 | 6 |
| Totaal | £37,592 | 7 | 5 |

Maar as ons dit verder nagaan, dan vind ons uit dat die fondse ingesamel is omdat afsonderlike persone die werk gedoen het,—leke en werkers. Dus elke persoon dra 'n verantwoordelikheid. Ons kan nimmer ongërg wees en sê dat die taak en verantwoordelikheid op die leiers rus en hulle dit alleen moet doen nie. Egter in die verlede het ons getroue lede die verantwoordelikheid help dra, en dit wys hul liefde vir die Waarheid, en hul verlange om dit in die

hele wêreld te verkondig. Ons stel elke jaar doele voor ons gemeentelede vir die Oesinsameling-veldtug. Die doele vir die Veldtug van 1931 is as volg:

Finansiële doel van £3 per lidmaat. Tenminste vir 15 uur gaan insamel.

Tenminste een siel tot Kristus win.

Daar is 'n doel vir elke gemeente, konferensie, sendingveld en unie, en ook 'n doel vir die Diwiesie van £5,000. Verlede jaar was ons doel £5,000 en ons het £6,069-0-6 ingesamel. Wat gaan ons vanjaar opbring? Elke gemeentelid en werker sal dit beantwoord. Wat ons ookal sal behaal, ons moenie verskrik wees vir die sprake van moeilike tye nie.

Die duivel probeer ons laat voel dat ons nie veel vanjaar kan doen nie, en hy sal ons probeer met aangs magteloos maak. As hy party kan terughou van deelneem in die veldtug dan het hy tot sekere mate geslaag om die werk van God te hinder. Terwyl Satan soos 'n briesende leeu rondgaan, behoort ons te onthou dat hy, magteloos is om ons te beskadig want hy kannie deur die laer van beskermengelie om ons kom nie.

In ons Oesinsameling ondernemings het ons die versekering dat die Heilige Gees en die engele van God saam met ons sal werk en ons sal bystaan. Niks kan ons terughou om ons uiterste te doen nie. Dis wat God vereis. Meer as dit is onmoontlik; vir minder as dit is daar geen verskoning nie.



Daar Moet Geen Neerlaag of of Agteruitstaan Wees al is

Daar 'n Finansiële Slapte

J. I. ROBISON

"WANT ons is medearbeiders met God." Ons werk *met* Hom. Ek hou daarvan meer as om *vir* Hom te werk. Ons werk dus saam met die Here in die groot werk wat Hy in die wêreld doen, en daarom kan ons seker van sukses wees, want die Here slaag altyd in Sy werk. As ons so *met* Hom werk, kan ons ook 'n deel hê in Sy sukses hier en in Sy seëviering as die werk klaar is.

Gelyfdes, dis ons voorreg om met Hom in die groot Oesinsameling-onderneming te werk. Die Here het die werk begin, en met Sy seën is dit nou 'n algemene sending-onderneming, en met Hom as ons leier kan ons seker wees dat ons sal slaag. Want as ons met ons Here werk, sal Hy van Sy

Gees, Sy doel, Sy motiewe gee, en daar mee moet ons slaag.

Ek weet wat vanjaar voor ons staan. Daar is 'n ware finansiële slapte in Suid-Afrika, en sommige mag voel dat ons nijs beter as verlede jaar kan doen nie. "En tog ons Leidsman wat nooit 'n fout maak nie, sê 'Voorwaarts; gaan nuwe gebiede in; verhef die banier in elke land.'" —"Gospel Workers," bls. 470.

Maar hoe gaan ons dit vanjaar doen? Hoe gaan ons die taak verrig? Vriende, ons kan dit nie doen nie; as ons alleen werk, sal ons misluk. Maar as ons saam met ons Leidsman werk, sal ons slaag. Voor die Here is daar geen moeilikheid nie. Waar die mens moed opgee daar begin die Here. Die Here het duisende engele met vele seëninge, en elke engel staan klaar om enige siel by te staan wat bid en vertrou, wat in die Naam en krag van God in Sy werk wil vooruitgaan. Waar die Here 'n vreesagtige, twyfelende maar biddende siel sien, sê Hy aan een van die engele "Bring gou veel moed na daardie hart." En die moed, krag, en geloof sal kom as ons net ons harte oopmaak om die beloofde seën te ontvang.

In "Desire of Ages," bls. 153 lees ons: "Die wonderwerke van Kristus vir die ellendige en lydende was gedoen deur die bediening van die engele." Dis 'n skone gedagte. Jesus het nie net die woord gespreek en die sieke was genees nie; maar Hy het saam met God en met die engele onder die mense gewerk, en dis ons voorreg om dieselfde medewerkers in ons werk te hé. "Ons is medearbeiders met God." Mag die Here elkeen van u seën waar u weer vanjaar u diens toewy vir Hom in ons jaarlikse sendingveldtog.

* * *

Die Verantwoordelikheid van Elke Gemeentelid in die Oesinsameling-veldtog

N. C. WILSON

ELKE lidmaat het 'n definitiewe en persoonlike verantwoordelikheid in die Oesinsameling-veldtog. Nie een word in die tyd van diens vrygestel nie, of hulle oud of jonk, man of vrou is. Kristus verwag van elkeen wat Sy Naam dra blymoedige en bekwame diens in verband met die veldtog. God sal self die oue en swakkes instaat stel om deel te neem. Ons maak altyd staat op kinders en Sen-

dingvrywilligers as getroue en lewen-de ondersteuners van die Insameling-program. Ons is bly dat ons mense in die algemeen in Suid-Afrika geleer het en die sleutel tot sukses in die veldtog gevind het: elke lidmaat, oud en jonk, moet sy deel doen en sy eie verantwoordelikheid in biddende en ernstige diens dra.

Dink net aan die goddelike woorde: die Here het "aan elkeen sy werk" gegee. Die Here bedoel ook die plan van persoonlike verantwoordelikheid en diens van die Oesinsameling. Netso seker as wat God vir ons 'n plek in die hemel het, netso seker en netso bepaald het Hy vir ons elke dag op aarde 'n plek vir liefdadige en getroue diens.

"Dis die voorreg van elke Kristen, nie alleen om uit te sien na die koms van ons Here Jesus Kristus nie, maar ook om dit te verhaas." —"Christ's Object Lessons," bls. 69. Dus is dit die taak van elke Kristen om die koms van die Heiland te verhaas. Elkeen moet aan die werk deelneem; niemand word verskoon nie. En elke Kristen in die Suid-Afrikaanse Unie en in die hele Diwiesie kan dit verhaas deur sy deel te doen, en sy deel van die las op te tel gedurende die Oesinsameling-veldtog van 27 Junie tot 8 Augustus.

Dan lees ons in "Ministry of Healing," bls. 148: "Die Here gee aan elkeen wat Sy genade deelagtig word, 'n werk om vir ander te doen. Ons moet elkeen in ons lóók en plaas staan en sê, 'Hier is ek, stuur my.' " Die Here wil dat ons elkeen gedurende die Oesinsameling 'n besondere werk vir andere moet doen, en Hy verwag dat ons elkeen op sy pos sal staan en aan Hom en die aangestelde leiers in Sy gemeente sê "Hier is ek, stuur my." Alleen op die manier kan ons ons heilige en hemelse verantwoordelikheid nakom.

Ons wag en sien uit na die grote, vreeslike, laaste toneel van die aardse geskiedenis. Maar ons moet nie net maar wag nie; ons moet wakend werk met die oog op die ernstige gebeurtenis. Die lewende gemeente van God sal wag, uitkyk en werk. Niemand kan neutraal staan nie. Almal moet Kristus voorstel deur hul aktiewe, ernstige poging om verlore-gaande siele te red. Ware Godsvrug, hardwerkendheid en erns moet in hierdie ernstige tyd in die kerk gesien word. Terwyl ons wag en uitkyk, moet ons ook ywerig werk. Daar is geen beter kans vir aktiewe

ernstige werk vir verlore-gaande siele voor die kerk nie as gedurende die Oesinsameling-veldtog.

Waarlik die tyd en die taak voor die kerk, en ons eie behoefté aan geestelike krag en oorwinning vereis 'n volkome toewyding en inwyding van al ons kragte en talente. Kan ons wat sulke kanse en probleme met die voleindiging van ons opgelegde taak beter doen as die edele pionier van die sendingwerk in Afrika, David Livingstone, wat gesê het "Alles wat ek het of besit is nijs behalwe waar dit die koninkryk van Kristus kan bevorder. As ek iets besit wat die belang van daardie koninkryk kan bevorder, sal ek dit gee of hou alleen soos dit tot eer van Hom strek op wie al my verwagtings in die lewe en in die ewigheid gevestig is." Elkeen van ons wat in die aanstaande Oesinsameling-veldtog deelneem behoort ons lewe so aan God toe te wy, al ons kragte vir Hom inspan, en alles in en van ons in God se hande te plaas. Die program van die Here vir Sy volk vandag is dat elkeen sy werk kry, dat elke lidmaat sy hart mag toewy en sy lewe voorberei om in staat te wees om in sy werk en deel te slaag.

* * *

Die Dryfveer in die Oesinsameling-veldtog is om Siele te win

W. L. HYATT

ELKE onderneming in die Kristelike kerk behoort die uiteindelike doel te hé om siele te win. Ons het vele departemente in ons georganiseerde werk, en elkeen is belangrik en noodsaaklik. Egter, elke persoon wat in enige departement van die groot beweging arbei, moet 'n sieleredder wees. Ons leef in die laaste genadeure vir die mensdom wanneer alle rigtings van Kristelike werk na een punt wys: evangelisasie—redding van siele. Al ons pogings moet wees om siele te red; of dit die prediker is wat 'n groot gehoor kan beweeg waar baie vir Kristus uitstaan deur sy getroue bediening, of dit die getroue siel is wat met manne en vroue persoonlik en een-vir-een spreek.

Die jaar het verby gegaan en ons staan weer voor die Oesinsameling-veldtog. Die jaarlikse insameling van fondse vir sendingwerk is vandag so 'n belangrike deel van ons georganiseerde werk dat ons dit nie uit ons gewone en gereelde Kristelike

werk ooit wil uitskakel nie, want dan sal die werk van God veel ly. Ons kyk met grote afwagting na die veldtogg, en ons wil so graag sien dat elke lidmaat geesdriftig saam met al die ernstige werkers sal inval en sy deel sal doen in die verskillende kanse vir sendingwerk wat met die belangrike veldtogg voor ons oopgaan.

Daar is vele duisende Oesinsameling-boekies deur die lengte en breedte van ons gebied versprei. Die jaarlikse verslag van die werk wat ons doen om die mensdom te help, kom so in die hande van besigheidsmense en redakteurs van koerante en ander groot manne in ons land; en waarlik dit kom in die hande van alle klasse, en op die manier gaan die weg vir die Beweging oop voor die publiek en dit help geweldig veel om vooroordeel by hulle te verwyder.

Die Oesinsameling-veldtogg is 'n tweevoudige sielreddende werk. Ten eerste wil ek die groot kanse opnoem wat ons leke en werkers kry as hulle van deur tot deur gaan en die wonderlike sendingsverhale vertel en wat die Here in die laaste dae doen om die verlore-gaande te red. Baie sal begin belangstel as ons van ons werk vertel, en ons moet die name en adresse van sulke belangstellendes neem en met 'n sorgvuldige en sistematiese werk hulle bedien. Ons kan tydskrifte, boekies en traktate aan hulle stuur, en in vele gevalle sal die weg oopgaan om Bybelstudies te gee. Ons wil sterke klem lê op die belangrikheid om van die gulde geleentheid gebruik te maak om in aanraking te kom met ons bure en die publiek in die algemeen. Die wat geen belangstelling toon nie, moet ons verbygaan. Elke kollektant behoort 'n aantekenboek by hom hê om sorgvuldig die name en adresse van alle belangstellende persone op te skrywe en as die veldtogg oor is, moet dan nie nalaat nie om die wat belangstellend gelyk het verder te bearbei. Doen alles in jou vermoë deur verskillende manier van sendingwerk en win hulle vir Kristus.

Natuurlik gaan ons ook uit met die veldtogg om geld in te samel vir die sendingwerk, en daarsonder sal die sendingvelde baie ly; en in vele gevalle hul werk laat staan. Dus waar ons die geld aanstuur en dit gebruik word op die voorposte van die beweging, is dit 'n middel in die hand van God om die lig van die heerlike Evangelie van Jesus Kristus na die duistere siele van die heidene te bring. Dus

word die geld gebruik om siele te red en die met wie ons in aanraking kom kan ook in die Waarheid gered word. Die geld is net 'n middel tot 'n doel en is nie self die vername saak nie. Dus solank as ons kollekteer en probeer om so groot moontlike gifte te kry, laat ons ook onthou dat ons verantwoordelik is om die lig van die teenwoordige waarheid bring na elke siel wat ons teenkom, en die Oesinsameling-veldtogg maak vir ons die deure oop om die Boodskap vir hulle te bring. Ons hoop en vertrou dus dat elke lidmaat, oud en jonk, sy deel sal doen met die aanstaande Oesinsameling-veldtogg.

* * *

Beraam vir 'n Suksesvolle Oesinsameling-veldtogg

L. L. MOFFITT

ELKE gemeente kan suksesvol met die Oesinsameling-veldtogg wees as hulle 'n paar vaste beginsels volg.

'n Vername faktor vir sukses is dat die leraar, ouderling, en kerkdienaars geesdriftig moet wees omtrent die moontlikheid van die Oesinsameling-veldtogg, en die geesdrif op die hele gemeente moet bring. Die gees van die kerkdienaars het veel te doen met die uitslae van die veldtogg.

Organisasie is 'n ander vereiste. Geesdrif sonder organisasie is 'n soort ywer sonder kennis. Lank voor die veldtogg begin moet die hele terrein wat onder elke gemeente val goed georganiseer en aan verskillende persone hul deel afgebaken word. Die bekwaamste kollektante moet die besigheidsplekke bearbei. Elke lidmaat behoort te weet tot waar sy gebied strek en net daarin werk.

Deeglikheid is 'n ander faktor. Daar is sekerlik honderde huise in ons stede wat nog nooit met die Oesinsameling-veldtogg besoek is nie. Gee elkeen 'n kans om iets by te dra. Werk elke huis, winkel, kantoor, en fabriek. As dit nodig is, gaan weer wanneer die mense tuis is. Ons lidmate moet aangemoedig word om die woonhuise in hul gebied en stad deeglik te bearbei.

Gebed, geloof, moed, en volharding saam met ywer, organisasie en deeglikheid behoort elke gemeente te laat slaag.

Oopoffering in die Sendingveld

AAN DIE BROEDERS EN SUSTERS IN AFRIKA:

Groete in die Here Jesus Kristus, die grote Herder van die skape!

Met my pos van die buiteland af het ek gister van Eerw. E. Kotz, die mede-sekretaris van die Wêreldkonferensie 'n brief ontvang waarin hy meer informasie gee omtrent twee van ons sendelinge wat vermoor is op Yuunan-sending in Wes-Sjienna.

Die gelowiges in Afrika het ongetwyfeld in die koerante gelees van die tragiese dood van Mevr. Victoria Miller en Mevr. Vera White. Broeder C. B. Miller is die direkteur van die Yunnan-sending en Broeder D. R. White is die sekretaris-tesourier.

Tydens die afwesigheid van Broeders Miller en White om deur die veld te reis, was hul eggenotes in die nag van 15 Maart in hul slaap op 'n wrede wyse op die sending vermoor. Die Amerikaanse Konsul het hulle die volgendeoggend daar gevind. Mevr. White was al oorlede, maar Mevr. Miller het nog asemgehaal. Hulle het haar gou na die kerk-sendinggenootskap hospitaal geneem, maar kon haar lewe nie behou nie. Om 12:30 N.M. 16 Maart is sy oorlede.

Broeder Kotz haal 'n stukkie aan uit die brief van Broeder Warren, die superintendent van die Wes-Sjienna Uniesending waar hy sê: "Dis vir ons 'n grote verlies op Yunnan. Mevr. Miller en Mevr. White was twee getroue vroue. Nooit het hulle gekla oor die ontberinge wat hulle moes verduur nie. Hulle was nie alleen self gelukkig nie, maar almal wat hulle teengekom het, het hulle gelukkig gemaak. Die Millers en die Whites was sulke gelukkige huisgesinne dat dit verkwikkend was om hulle te besoek. Ek gevoel die verlies baie. O, mag die Here die einde verhaas."

Broeder Kotz haal verder 'n paar paragrawe aan uit die brief van Eerw. Martin van Spokane, Washington, V. S. A., die vader van Mevr. Miller, wat hy aan die Wêreldkonferensie geskryf het in antwoord op 'n brief van hulle om hom in kennis te stel van die tragedie.

"Dis 'n vreeslike slag op ons ou dae. Maar die God van alle troos leef nog, en Hy sal vir ons dierbaar wees, want ons vertroue is totaal op Hom. Ons kan na niemand anders gaan nie. Ons harte gaan uit na die

arme mans, wat afgemar, moeg en vermoed na die lang reis hulle huise verlate vind. Ons bede is dat die Here hulle sal ondersteun en troos in die vreeslike beproeing.

"Ek vertrou en bid dat die werk van die Here wat daar so mooi aangaan het, nie nou deur die voorval sal ly nie. Hulle het altyd geskrywe hoe sterk hulle netsoos ons uitkyk na hul verlof oor 'n paar jaar om weer te ontmoet. Maar daardie ontmoeting moet ons maar uitstel as ons getrou bly tot die opstandingsmôre om ons geliefdes weer te ontmoet en nooit weer te skei nie."

"Elke keer wat Victoria geskryf het dat hulle huistoe kom het sy uitdruklik gesê dat sy weer teruggaan. Die arme, liewe kind! Sy het haar werk en die Sjinese liefgehad, en sy was baie gelukkig daar. Nooit het sy gekla nie, nieteenstaande die beproewings waardeur hulle moes gaan.

"Ons was bly dat ons hulle vir die diens en werk van die Here kon gee; maar nooit het ek kon dink dat sy haar lewe sal moet neerlê nie. Hoeveel beter is dit nou as dat sy in die wêrelde gegaan het en verlore moes gaan! Ja, dit kon nog erger gewees het. *Ag ons wens dat ons nou nog 'n dogter het om soontoe te gaan en haar plek in te neem, of dat ons nog jong genoeg is om self te gaan.* Ons hemelse Vader het anders gedink en wat Hy doen is altyd welgedaan, en ons lewe is in Sy hande. As ons dink aan die opoffering wat Hy gemaak het om Sy eie Seun te gee, dan het ons nie veel oorsaak om te kla, en ons wil ook nie kla nie."

Ek is seker dat al ons gelowiges in Afrika sal instem met die goeie gees van opoffering en toewyding van die ouers van Suster Miller, soos uitkom in die woorde van Broeder Martin. Maar, geliefdes, dis die gees wat die Adventbeweging in die hele wêrelde dryf. Sulke getrouwheid, sulke gewilligheid tot opoffering en sulke vreugde om die dierbaarste op aarde vir die Here se diens en werk te gee, voor sien die manne, vroue en middele om die Boodskap na die uiterste hoeke van die aarde te neem.

Mag die woorde van Broeder Martin, en ons glo dis ook van Suster Martin, ons elkeen so inspireer dat ons ons opnuut aan die Here toewy in heilige liefde en goddelike diens.

Die Uwe in die Salige Hoop,

O. MONTGOMERY.

Die Soek na Ketterry en nie na Kristus nie

A. BOEKHOUT

KETTERY is so oud as die wêrelde. Selfs toe die Paradys nog op die aarde was en ons eerste ouers nabij die poort gebid het wat deur 'n gerub met 'n vurige swaard bewaak was, was daar iemand wat gedink het om die openbaarde en aangename weg van God te verbeter. Kaïn het gedink sy begrip van godsdiens was hoér en meer verlig. Die grusame storting van bloed met die ontelbare onskuldige slagoffers het hy vervang deur die aangename lekkernye van vrugte en groente. Elke onvoorioordelde toeskouer kon sien dat die weg van Kaïn meer verfynd, idealer en meer gepas is by die aanbidding van die onsigbare God as die ruwe manier van Abel om die lammertjies te slag. Maar wat geen menseoog kon sien, het God gesien. Kaïn het bedagsaam sy ouers se val ontken, en dat hy in sonde ontvang en gebore is, en deur die ontkenning, en die verwering van die behoefte aan 'n Heiland, en deur 'n valse hoop van eiergegelykheid op te bou, het hy die bande losgemaak wat hom aan die Bron van sy heil gebind het. En so het Kaïn meer en meer in bondgenootskap met hom gekom wat van die begin af 'n moordenaar was, totdat hy tenspyte die goddelike waarskuwings, teen sy broer opgestaan en hom doodgeslaan het, en die vrugte gepluk het van sy eie-gekose aanbidding en het 'n rondloper op aarde geword.

Hoevele het nie later die weg van Kaïn ingeslaan nie, en ander tot sonde gelei! Jerobeam, die seun van Nebat, en Agab, die seun van Omrie is opmerklike voorbeeldle onder Israel vanouds. En toe Petrus die toekoms van die Gemeente van God skilder, sê hy dat manne verderflike ketterye sou inbring. Ons kan maar net die kerkgeschiedenis nagaan om te sien hoe waar die voorspelling van Petrus gekom het; en hoe die kerk geskeur was deur die botsende sienswyse oor die fundamentele beginsels wat die verlossing van die mens aangaan. Dit is daarom nie vreemd dat Kristendom vandag in Fundamentaliste en Moderniste verdeel is nie. Dit is die eeu-eoue toneel wat weer afgespeel word, maar net dat dit vandag meer algemeen is. Kan die mense maar toegeelaat word om hul eie verbeeldings na te volg, of moet hulle hou aan "So

sê die Here"? Die skuiwende sand van die sienswyse van mense is geen veilige ankerplek vir die siel nie. God het die vreeslike duisternis in die geestelike dinge gesien wat op hierdie sogenoemde verligte eeu sou kom, en Sy kinders nie aan die genade van die windes van leer oorgelaat nie. Deur Poulus vermaan hy ons: "En nu broeders! ik bevele u Gode, en den woerde Zijner genade, die machtig is u op te bouwen, en u een erfdeel te geven onder al die heiligen."

Die sienswyse van die mens is ten beste 'n altyd veranderende lugspieëling, wat die onervare reisiger mislei en hom uitgeput en onversadig op die woestynsand laat. Want waarlik, die gewaagde menigsverskil van die mens is nie en was nog nooit die gevolg van 'n innige verlange na God nie, wat alleen kon sê, "Ek is die weg, die waarheid, en die lewe," maar dit kom eerder uit die ydele verbeelding van en opgemaak deur die een wat van die beginne 'n moordenaar is.

Maar geen oorweldige vloed van welsprekende en geleerde redetwiste van die mens kan die siel ontstruk wat geanker is op die profetiese woord wat vasstaan nie. Hierdie woord verlig ons lewenspad tot ons op die goue strate sal loop en die Here aanskou netsoos Hy is.

* * *

Die Raadsitting van die Afrikaanse Diwiesie, Boelawajo Suid-Rhodesië

3 tot 13 Junie 1931

J. F. WRIGHT

WANNEER die OUTLOOK u bereik, sal die Afrikaanse Diwiesie hul sesde tweejaarlikse Raadsitting hou. Vele goeie planne is beraam vir die allerbelangrike vergadering van ons leiers van die velde en die sendelinge wat die voorreg sal hê om dit by te woon. Herhaaldelik het ons al ernstiglik gebed vir die sitting. Daarom het ons goeie geloof en vertroue dat die barmhartige en genadige God ons kenlik sal sêen en nabij sal wees waar ons bymekaar kom om die belang van ons werk in die hele Diwiesie sal oorweeg.

Ons waardeer dit om Eerw. O. Montgomery onder ons te hê. Sy vele jare van ondervinding in die administratiewe werk sal ons veel help

in ons oorwegings. Ons waardeer dit dat die Algemene Konferensie gereël het dat hy saam met ons vir die Raadsitting kan wees. Verder sal 'n aantal van ons ou werkers ook die vergadering bywoon, en hul jare van beproewings en ondervindings sal wonderlik bydra om die vergaderings'n sukses te maak.

In die vergadering sal veel tyd gevwy word aan ware geestelike werk. Eerw. Montgomery sal elke dag voorgaan in die ministeriële instituutklas. Vele sendingprobleme sal sorgvuldig ondersoek word, en ons werksbeleid sal hersien en op die hoogte van die tyd gebring word ooreenkomsdig die hersiende beleid van die Wêreldkonferensie. Die verslag wat voor die raad sal gely word, sal wonderlike vooruitgang openbaar in alle werkzaamhede in ons Diwiesie. Ons glo vas dat die Raadsitting baie behulpzaam en stigtelik vir ons steeds uitbreidende werk sal wees.

Ons vra dat ons geliefde broeders en susters ernstig vir ons tydens die belangrike sitting sal bid, en dat die "Here van die Oes" ons daeliks mag lei om net die regte planne te beraam, en ons sal in die Diwiesie steeds vorentoe gaan totdat die taak voleindig is. Dis my innige bede.



Betaal Dit?

W. B. COMMIN


Hoe dikwels word die vraag gestel! En dit is 'n brandende vraag in die sendingveld of dit werkelik betaal dat die sendeling soveel krag inspan om die inboorlinge te help en op te voed, en dat jaarliks soveel geld in salaris vir sendelinge en vir die benodighede op die sendingstasies uitbetaal word om hul werk te laat slaag.

Die handelaar trek met sy huis en besigheid en gaan woon in die gebied vir die inboorlinge om soveel beter te slaag om sy besigheid te dryf, en die hoof en miskien enigste motief is om meer profyt te maak.

Maar betaal dit die sendeling dat hy sy huis verlaat, en dikwels in 'n ongesonde streek gaan woon en net 'n sekere sommetjie geld vra om sy werk voort te kan sit? Party van die werkers in die Kafferland Sendingveld het verlede jaar die handelare genader om 'n geldelike bydrae vir die werk; en party handelare het gesê dat dit glad nie betaal om die in-

boorlinge op te voed en te beskaaf nie. Moontlik het daardie handelare uitgevind dat hulle hul besigheid misskien met meer voordeel onder die baar inboorling kan dryf.

Egter om die dikwels-herhaalde vraag te beantwoord, is dit goed om 'n paar dae op een van ons sendingstasies te bly. Ek het 'n paar weke gelede so 'n voorreg gehad toe ek die Bet-el-sendingstasie in Kafferland besoek het. Daar is so 'n opmerklike verskil tussen die meidjies wat so net en skoon in voorkoms in die skool is en die heidense vrouens van die krale dat die besoeker maklik die vraag kan beantwoord. En as jy die mans en vrouens van die sendingskool die evangelieliedere in hul taal en in Engels hoor sing, en dan die vergelyking tref tussen die gesing en gedans in die krale van die wat nog nie onder Kristelike invloed is nie, is jy maklik instaat gestel om te antwoord: "Ja, dit betaal uitstekend om hierdie arme mense op te voed en Kristene te maak vir wie die Heiland op die kruis van Golgota netso seker as vir my en vir u gesterf het."



Ce Damiston Kaliyate en sy gesin is terug op Loewasie waar hy die hoofonderwyser is.

Ons verneem dat Mevr. Tarr van Loewasie-sending siek was, maar ons is bly dat sy weer herstel is.

Mevr. G. S. Stevenson is die onderwyseres in rekenkunde op Malamoelo sendingopleiding-instituut.

Eerw. Giddings en Webster het onlangs Thambanie-sending besoek. Die werk daar met Eerw. Simon Ngaiyaye as bestuurder het 'n gunstige indruk op hulle gemaak.

Eerw. Giddings en Broeder Tarr van Loewasie-sending het vergange 'n tydlang in die gebied van Noord-Niassa Sendingveld rondgereis. Hul hoofdoel was om 'n bou terrein vir Mombera-sending te soek.

Eerw. Giddings het vergange 'n paar dae op Malamoelo deurgebring en gehelp met die bou van die nuwe steen-en-sement sitplekke en tafels in die eetsaal vir die jongens. Alles in verband met die etery is aantreklik en skoon en gesond.

Broeder Ivan Ansley, van Kimberley, het die week in Blantyre aangekom. Hy het gekom op 'n dringende versoek vir hulp in die werk op Malamoelo-sending, ons opleidingsentrum vir die Unie. Sy hulp sal veel waardeer word.

Ons verneem dat een van ons gemeenteledere in Portugees Oos-Afrika vir 'n tydlang selfonderhoudende Evangeliewerk doen. Deur sy werk is 'n paar al gedoop, en daar is neentien wat klaar maak om gedoop te word. Hy hou ook 'n Sabbatskool.

Mej. E. Staples, voorheen van die *Sentinel Publishing Company*, het onlangs in ons veld aangekom om ons as sekretaresse en boekhouster van die Suid-Niassa Sendingveld te dien. Sy is op Thekeranie-sending gevestig wat tans die hoofkwartiere van die veld is.

Broeders Nash en Cadwallader het vergange Jeanes Centre, in Somba besoek, waar inboorling-opsieners deur die Regering opgelei word. Hulle was deur die Goewermentsdrukpers-geboue geneem, en wat besigheid in die kantoor van die Direkteur van Onderwys gedoen.

Hulle is besig aan bou van die klein kerkgebou in die hoofkwartiere vir meisies op Malamoelo-sending. Die gebou sal vir die verskeie doelendes gebruik word, soos vir godsdiensoefeninge, vir onderwys, vir die weeklikse biduur van die vroue. Mevr. G. R. Nash hou opsig oor die opvoeding van die meisies.



"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.. Ek sal tot die HERE sê: My Toevlug en my Burg! my God, op wie ek vertrou! Want Hy sal u red van die strik van die voëlvanger, van die so verderflike pestilensie. Hy sal u dek met Sy vlerke en onder Sy vleuels sal u vertrou; Sy waarheid is 'n skild en beukelaar." Ps. 91: 1-4.

African Division Outlook

*Published monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists,
(African Division)*

Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMEN Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

AFRICAN DIVISION OFFICERS

| | |
|---------------|-----------------------------|
| J. F. Wright | President. |
| A. E. Nelson | Secy.-Treas. |
| A. N. Tonge | Medical Secy. |
| E. D. Dick | Field and Educational Secy. |
| J. I. Robison | H. M. and Miss. Vol. Secy. |
| W. B. Commen | Sab. School Secy. |
| L. A. Vixie | Field Miss. Secy. |

General News

The postal address of Elder W. S. Hyatt, formerly of Pretoria, will be care P.O. Box 6154, Johannesburg, until further notice.

We are pleased to learn that interesting and successful camp-meetings were held at Port Elizabeth and East London, and that the help which Elder Montgomery was able to give at these meetings was much appreciated.

Elder Wright, and Brethren Nelson, Robison and Commen left the Division office toward the middle of last month to attend the Regional meetings which were held at Bloemfontein, and planned to proceed direct to Bulawayo.

Toward the end of April Brother Vixie left the Cape to attend a canvassers' institute which was held at Johannesburg during the month of May. Brother Vixie went down to Durban from Johannesburg before attending the Regional meetings which were held at Bloemfontein May 21 to 30.

The Cape Conference has set aside the sum of £400 for a church building for the company of coloured believers at Elsie's River. Before Brother Billes started building he interviewed the several firms selling builders' material in the Peninsula. These firms very kindly responded to the invitation to take part and liberally donated toward the building of the church. The donations made, up to the present time, total £90-7-6.

The African Division Council

June 3-13, 1931

Bulawayo, So. Rhodesia

J. F. WRIGHT

As this issue of the OUTLOOK comes to you, the African Division will open its Sixth Biennial Council. Strong plans have been laid for this very important gathering of our field leaders and the missionaries who will be privileged to attend. Earnest prayers have already been offered again and again in behalf of the session. So, as we assemble to consider the interests of our work throughout the entire Division, we have great faith to believe that the God of all mercy and grace will meet with us in a marked manner.

We appreciate having Elder O. Montgomery with us. His long years spent in administrative work will greatly aid us in our deliberations. We certainly do appreciate the General Conference arranging for him to be with us in this Council. Then, too, a number of our pioneer workers will attend this meeting, and their years of tried and tested experience will serve as a wonderful asset in helping to make the meetings a success.

Much time in this meeting will be given to deeply spiritual work. Elder Montgomery will conduct the ministerial institute hours each day. Many mission problems will be brought forward for careful study, and our working policy will be revised and brought up to date in harmony with the new revised policy of the General Conference. The report rendered at this meeting will reveal wonderful advance in all lines of activity here in the Division. So we firmly believe this Council will be a most helpful and uplifting one to our ever-growing work.

Now, we again ask that our dear brethren and sisters will earnestly pray for us during the days of this important session, and may the "Lord of Harvest" guide us daily in laying just the right plans, so that advancement will continue to be made in this Division until the task is finished, is my sincere and earnest prayer.

Wanted

SITUATION as companion or house-keeper by a widow, middle-aged, experienced, and has good references. Excellent needlewoman and good cook. A Seventh-day Adventist.

Apply: Mrs. J. Snijman, P. O. Box 75, Zastron, O. F. S.

Obituaries

COURTENAY.—On the 6th of February last, the Hon. Mrs. Courtenay passed away peacefully at Walthamstow, England. Mrs. Courtenay, her mother and her sister, Miss E. E. Philips, formerly of Cape Town, accepted the Truth while in England through reading "Great Controversy."

W. B. COMMEN.

GUMBO, BALENI.—It is with sorrow we announce the death of Brother Baleni Gumbo who passed away at his home on Sabbath, April 4, 1931. Brother Baleni first heard the Truth through a student from Solusi who was driven into his home by a storm and was seeking for shelter. After faithful work by Brother Jim Mayinza, he and his wife and sons with their families, eleven in all, were baptised by the writer during 1918. Brother Baleni is one of the first, in fact the first, convert to the London Missionary Society, who has done such faithful work in Southern Rhodesia. He was an aged man, well over his seventies. For his faithfulness and loyalty to the British Government and for supplying the troops with vegetables during the early Matabele wars he was granted 200 acres of land by Mr. Cecil Rhodes, who gave him a permanent home, and also to those who are left to mourn his death.

His illness was short and his end peaceful. To those who knew him not he does not mean much, but he was a true husband, a loyal father and a staunch preacher of the Third Angel's Message. When I visited him early in February last, he pointed out a number of companies he had brought into the Truth, and when I asked him why he did it, he replied, "Those companies are my soul warmers, they keep my zeal fresh every day in looking for my Saviour." His favourite song was "From Greenland's Icy Mountains." Pastors Otis and Alfred were with him during his last hours, and they spoke words of comfort to the sorrowing relatives as they laid him to rest near the little church on his own land.

Several days before he died he kept asking when it would be Sabbath, and when Sabbath morning came, he said, "Now I can truly rest in the hope of seeing my Saviour." What a beautiful testimony for us to remember. "Precious in the sight of the Lord is the death of his saints" can truly be said of this brother. To the sorrowing wife and family we extend our sympathy.

H. M. SPARROW.